PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

18 Maart 2018

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

Oggenddiens 09:00
Prof. Sarel van der Walt
***Skrifgedeelte**: 1 Petrus 1: 3-21*
***Fokusvers**: 1 Petrus 1:7*
***Tema:** Gelouterde hoop*
Tema2, Week3

Lof-en Aanbiddingsdiens17:00
Dr. Braam Krüger
***Skrifgedeelte:** Johannes 8:31-41*
***Fokusvers:** Johannes 8:31-32*
***Tema:** Ware Vryheid!*

Aanddiens 18:30
ds. Peet van der Walt
***Skrifgedeelte:** Efesiërs 6:10-20*
***Fokusvers:** Efesiërs 6:10 & 11*
***Tema:** Bly staande teen Satan in die krag van die Here.*

KOINONIA - Ons gee om vir mekaar

VOORBIDDING:

♥ Hanlie Buys, Corrie Deenick en Erika Buma wat vir kanker behandel word.
♥ Ina Bolt wat steeds vir nierstene behandeling ontvang.

Ons dink aan hierdie lidmate en hul families in ons gebede en dra hulle aan die Here op.

DANKBAARHEID:

♥ Emeritus weduwee, tannie Emmerencia van der Bijl bedank die gemeente vir die volgehoue ondersteuning en gebede. Dit gaan goed met haar, en sy stuur groete.

GELUKWENSING:

♥ Li-anne Bezuidenhout dogter van Pieter en Anne het die 3de Maart in die huwelik getree met Andreas deLange. Baie geluk en ons bid dat die huwelik geseënd sal wees.

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

DATUMS OM TE ONTHOU VIR DIE KOMENDE WEEK				
DATUM	**TYD**	**BYEENKOMS**	**KONTAK PERSOON**	**KONTAK NO**
Vandag	Na oggenddiens Na LA diens 18:00	Katkisasie Graad 1-7 Katkisasie Graad 8-11		
Maandag	09:30 19:30	Rynpark 5 Bybelstudie DUST - hoërskooljeug Bybelstudie	Adrie Goede Melanie van Wyk	083 654 4821 072 592 8866
Woensdag	10:00	Palms - senior lidmate byeenkoms	Una Steyn	083 309 4017
Vrydag	06:30 09:00	Gebedsgroep Bybelstudie met Braam	Schalk van Eeden	082 561 9409

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Gerrie Kriek
25 Maart	Hennie Coetzer

MAAK 'N SKENKING

LESOTHO UITREIK

Die Afrikagroep het in die verlede baie geseënde uitreike na Lesotho gehad en opvolgprojekte wil graag hierdie winter weer aangepak word.

Die behoeftes is GROOT maar die fondse is min en die lokale aanvraag na Bybels veroorsaak dat ons nie reserwes opgebou kry nie.

Ons beplan om 600 Bybelleerboekies vir jong kinders en 600 Bybels aan te koop wat ten minste R60000 gaan beloop en 'n verdere R20000 om die projek te finansier.

Die Bybelhuis het huidiglik tot einde Maart 'n promosie waar ons die Bybels min 50% kan aankoop en ons wil graag die geleentheid aangryp.

Ons gemeente word ernstig versoek om ons finansiëel by te staan in hierdie projek met skenkings dat ons die Evangelie kan versprei vir geestelike soekende mense.

Vir verdere inligting of om skenking te maak kontak: Lenie by 083 457 8861 of Pieter by 083 297 7871.

Groete in Christus

PALMS 21 MAART 2018.

Al is 21 Maart 'n publieke vakansiedag gaan die Palms steeds deur met hulle maandelikse byeenkoms en ons hoop van harte dat **AL DIE 60 PLUSSERS,** ook dié wat nog werk ons byeenkoms sal kan bywoon en 'n heerlike oggend kom geniet.

PAUL BOTES KOM WEEREENS Ń DEMONSTRASIE lewer oor die skilderkuns. Agterna drink ons tee of koffie en geniet heerlike verversings.

Navrae: Una Steyn 083 309 4017

DANKSEGGINGSETE 25 MAART @ 11:30

Ter afsluiting van Tema 2, DIE WOORD, word almal uitgenooi na 'n dankseggingsete die 25ste Maart @ 11:00.

Die koste van die ete is minimum R20.

Dit is 'n heerlike koinonia geleentheid waar die wyke hul ervarings en gedagtes rondom die tema met mekaar kan deel.

Skryf asb jou naam en hoeveel gesinslede gaan bywoon op een van die lyste.

KOM VRA JOU VRAE

MAANDAG 26 MAART @ 19:00

Tema: Selfdegeslagaantrekking.

Kom gesels saam, en kom vra jou vrae.

Navrae: Braam Krüger op 082 459 5636

VERJAARSDAE 11 - 17 Maart

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Vandag 18/3	Ann Mackay ** Elsabe Neuhoff Jana Alberts ☺ J-me-Lee Nel ☺	082 444 3354
Maandag 19/03	Jesse Stapleton Prashanti Pearce ☺	
Dinsdag 20/03	Francios Grobler Wilma Londt	083 734 5212
Woensdag 21/03	Arina Sterkenburg * Fanie Gouws Liencé Rossouw ☺ AJ Smit ☺	082 576 6068
Donderdag 22/03	Melanie Boshoff Vanessa Pearce Charné Scholtemeyer	078 369 6657 082 220 1315
Vrydag 23/03	Hilda Jonas Ertjies van Tonder Lenie Venter	072 612 4452 082 457 8646 083 457 8861

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

GK LICHTENBURG 125-JARIGE FEESVIERINGE 2 EN 3 JUNIE 2018

Die Gereformeerde Kerk Lichtenburg vier op 2 en 3 Junie 2018 haar 125-jarige bestaan as gemeente.

Ons nooi alle oudlidmate uit om die naweek saam met die gemeente te vier.

Alle belangstellendes kan skakel met die kerkkantoor vanaf 14:00 – 17:00 – Maandag tot Vrydag by
018 632 1052 of e-pos: gklichtenburg@gmail.com

Raak Betrokke

WAAR KAN JY JOU GAWES AANWEND?

SMS GEBEDSGROEP

Die sms-gebedsgroep bid vir sake wat die gemeente en gemeenteaksies raak. Enigeiemand in die gemeente wat wil deel word van die sms-gebedsgroep moet asb. Donsie Kruger by 084 627 2393 kontak.

OMGEEGROEP.

Een van die heel beste maniere om geestelik te groei, is om te dien. Wanneer ons van onsself gee en iets doen asof ons dit vir Jesus doen, vind daar 'n verdieping in ons gees plaas

Die omgeegroep is 'n aantal lidmate wat op gereelde basis siek lidmate en ingekluisterdes besoek en bemoedig

Daar is min dinge wat jou verhouding met die Here so goed kan doen, soos om aan 'n omgeegroep te behoort. Vind uit hoe jy dit kan doen!

As jy by hierdie diensgroep betrokke wil raak, kontak asb. die diensgroepleier :
Corrie Yssel ☎ 082 578 4094

MUKHANYO TEOLOGIESE KOLLEGE

Die Mukhanyo Teologiese Kollege is geleë in KwaMhlanga noord oos vanaf Pretoria. Dit verskaf Gereformeerde tologiese opleiding vir predikante, evangeliste en ander kerk leiers.

Die geskiedenis van die kollege begin by die werk van Eerw. Rob Rebel, 'n evangelis van die Christe-like Gereformeerde Kerke in Nederland. Hy het in 1985 begin met die opleiding van plaaslike kerkleiers in KwaNdebele. In 1994 word die opleiding na 'n voltydse opleiding sentrum verander met Prof. Flip Buys aan die hoof daarvan.

Die buitedeurkollekte op die 15de April sal aan Mukhanyo college afgestaan word.

MUKHANYO Theological College

SOEK DIE BYBELVERS.

Verlede keer 11 Maart 2018 se antwoord: 1 Konings 16: 34

" In daardie tyd het Giël van Bet-el die stad Jerigo opgebou. Toe hy die fondamente daarvan gelê het, het sy oudste seun Abiram gesterf, en toe hy die poortdeure gehang het, het sy jongste, Segub gesterf. Dit was in ooreenstemming met die vervloeking wat die Here deur Josua seun van Nun uitgespreek het."

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur

Evert Bolt; Martie Gibson; Una Steyn; Elma Jansen Ook verlede week. Verskoning asb vir die weglating Chrissie Pretorius; Klein de Kock

Hierdie week: Soek die Bybelvers 18 Maart 2018

" Kain het met sy vrou gemeenskap gehad, en sy het swanger geword en vir ????? in die wêreld gebring. Kain het daarna 'n stad begin bou en die stad na sy seun ????? vernoem. "

Vraag: Wie was Kain se seun?

Lees gerus Genesis en noem wat Kain se seun se naam was en verskaf die vers waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

KLANKOPNAMES VAN PREKE

Klankopnames van preke is by die klankbord na die oggenderediens beskikbaar, en sal ook die daaropvolgende Dinsdag op die GK-Benoni se webwerf beskikbaar wees.

GEBRUIK EN VERHURING VAN GK-BENONI PERSEEL EN FASILITEITE.

Die perseel word gereeld vir gemeentelike en nie-gemeentelike aktiwiteite gedurende die week gebruik. Daar word gereeld navraag gedoen oor die verhuring/gebruik van die fasiliteite.

Om oorvleueling te voorkom moet dit noukeurig bestuur word.

ALLE lokaalbesprekings **buite** die normale Sondagaktiwiteite moet asb. by Ina Bolt by die kerkkantoor bespreek word. Ina sal die nodige vorms, indien nodig, verskaf en die nodige reëlings tref vir die oop– en toesluit van geboue.

Beskikbaarheid van die fasiliteite kan nie gewaarborg word as die nodige reëlings by die kerkkantoor nie getref is nie.

Gemeenteaktiwiteite kry voorkeur.

Ina Bolt kan gekontak word op 084 339 1136 of 011 849 2054

IS U OP DATUM MET U DANKOFFER?

Vra gerus vir 'n **debietordervorm** om die administrasie hiervan vir u en ons te vergemaklik. Vorms is ook beskikbaar in die inligtingsvakkies in die voorportale van die kerk.

KOLLEKTES

Kollektes van 11 Maart 2018

Diens van Barmhartigheid	: R 8259
Arso	: R 2269
Jeugfonds	: R 151

Vandag:

Onder die diens: Diens van Barmhartigheid
By die deure: TOIBO

Volgende week: Bybelverspreiding

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE: —

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Of Snapscan:

Diens van Barmhartigheid

TOIBO